DIE KONSERTINAKLUB VAN S.A.

Posbus 843
PRETORIA
0001

NUUSBRIEF No 3

Geagte Lid

Die tyd gaan so vinnig verby en dit voel soos 'n jaar wat ons laas van ons laat hoor het, maar eintlik is dit slegs 3 maande gelede. Ons voel net om u weer 'n bietjie in te lig oor die jaarvergadering en so meer.

1. Jaarvergadering:

Dit was 'n wonderlike sukses. Bykans 200 mense het dit bygewoon van so ver as Ifafa Beach in Natal. Aan almal wat ver gery het, ons innige dank en ook sommer BOEREMUSIEK Dankie aan almal wat by gedra het om van die dag so 'n groot sukses te maak. Die komitee vir die komende jaar is soos volg:

Voorsitter	:	Tom Senekal	Tel 012-708877
Sekretaris	:	Jasper Vlok	Tel 012-861475
Penningmeester	:	Stefaans van Zyl	Tel 012-471563

Addisionele Lede:

Piet Bester	01526-3649
Danie Labuschagne	012-772904
Johannes la Grange	012-736736

Gekoöpteerde lede:

Lourens Aucamp	0531-33690
Kallie de Jager	0343-26017

2. Plate

Die hoof item waarmee die Klub se komitee hom besig hou is die maak en verspreiding van ons SLS Reeks plate. Soos u reeds weet is die volle versameling van die Vier Transvalers op 2 langspeelplate, volume I en II beskikbaar. Ook het ons so pas die eerste langspeelplaat van SILVER DE LANGE se Vyf Dagbrekers ontvang. Maak seker dat u as tradisionele Boeremusiek-liefhebber hierdie plate bekom. Dit help ook om ons klub se fondse te bou vir toekomstige projekte.

Koste van Plate:

R10,00 per plaat wanneer self afgehaal
R12,00 per plaat wanneer ons dit moet versend.

Koste van kassette:

R8,00 per kasset wanneer self afgehaal
R10,00 per kasset wanneer ons dit moet versend.

Indien u wil reël om dit af te haal, skakel Jasper Vlok by tel: 012-861475 na 6nm of Danie Labaschagne by Tel 012-772904 na 6nm. Indien u dit wil bestel per pos stuur u tjek of posorder aan:

Die Sekretaris
Die Konsertinaklub van S.A.
Posbus 843
PRETORIA
0001

By ontvangs van u geld sal u plaat of plate versend word. Weereens wil ons Mnr Labuschagne en Oom Michael bedank vir hulle volgehoue belangstelling en ywer. Dit word deur ons Boeremusiek-liefhebbers baie waardeer.

3. Ledegeld:

Persone wat nog nie ledegeld vir 1982 en 1983 betaal het nie, moet asseblief so gou moontlik van hulle laat hoor. Ledegeld beloop R10 per jaar en die ledegeldjaar loop van Januarie tot Desember. Kom ons bou ons klub uit. Dit is mos iets moois.

2./....

4. Byeenkomste:

Mnr Daan Karsten eienaar van Saamstaan Vakansie oorde Skeerpoort het ons goedgunstiglik genooi om elke derde Saterdag van die maand daar te kom musiek maak en gesellig te verkeer. Namens die klub sê ons dankie aan Daan. Bring slegs julle eie vleis, drank en eetgerei saam. Die idee agter hierdie aanbod is om ons jongmense weer die regte ou Boere danse te leer en om ons lede die geleentheid te gee om bymekaar te kom, meer dikwels as slegs eenkeer per jaar tydens ons jaarvergaderings. Die musikante moet instrumente saambring en vooraf skakel met ons om seker te maak dat daar wel 'n orkes is. Dit geld ook vir die lede.

Tot later dan.

Vriendelike Boeremusiek Groete

NS KONSERTINAKLUB BESTUUR
J.J.E. VLOK
SEKRETARIS